

22 Julie

Skrifgedeelte: Eksodus 15:1-19

Fokusgedeelte: Eksodus 15:18

Die Here regeer tot in ewigheid

Op papier is musiek niks meer as kolletjies en strepies nie, simbole tussen vyf paralelle, horisontale lyne ... maar in die hart word dit 'n onbeskryflike gawe van God! Dit vang die innerlike van menswees vas, en gee uiting aan die diepste begeertes, gedagtes en gevoelens.

Opgewonde fluit of neurie ons almal vrolike deuntjies ... hartverskeurd luister ons graag na daardie liedjies oor die radio wat die trane ingeskryf het tussen die note.

Wat doen jy as die Here jou deur een van die grootste wonders van die Ou Testament red? Jy sing, natuurlik! En so gebeur dit ook in Eksodus 15. In Eksodus 14 word kunstig vertel hoe die Here die volk gered het uit die hand van die Farao. Hoe hy die volk op droë grond deur die Rietsee gelei het, en die Farao se manne met hulle stredwaens daardie dag vernietig het.

Eers was die volk benoud en bekommerd, maar toe die Here sy hand uitsteek, moes benoudheid en kommer plek maak vir ontsag en blydschap wat in hulle harte gekom het. Die gelowiges kon nie anders as om hierop te reageer in 'n lied nie, 'n lied wat in Eksodus 15 weergegee word. As jy die Here se almagtige hand van liefde, genade en redding beleef, wie anders kan soos Hy wees? Jy beleef sy regering, sy bestuur oor alles, altyd.

Is daar in jou lewe ook benoudheid en kommer? Kyk om jou rond ... Kyk terug na wat die Here al vir jou gedoen het ... Kyk met verwagting na wat die toekoms onder die Hand van die Here vir jou inhou.

Die Here bewaar! Die Here verlos! Die Here is getrou! Hy was, Hy is en Hy sal jou Here wees! Jy is vir die Here belangrik genoeg dat Hy sy eie Seun nie gespaar het nie, maar jou so liefhet dat sy Seun vir jou gesterf het. Dit is redding, dit is liefde ... dit is die grootste wonder van alle tye, gedoen om jou te bevry.

Net simbole tussen lyne? Nee, 'n lied in jou hart – die Here regeer tot in ewigheid!

Sing: Psalm 47:1, 4

Ds L Kruger (Vanderbijlpark-Oos)